# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 1

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**

Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## VIER DIE KERKJAAR

## MATT 17:1-9

### OMGEE

Neem beurte om 'n dobbelsteen te gooi. Beantwoord dan 'n vraag volgens die nommer:

1. Hoogtepunt van jou week?
2. Wat is jou gunstelingberg?
3. Waaroor bekommer jy?
4. Waaroor is jy dankbaar?
5. Hoe onthou jy belangrike datums?
6. Gunstelingseisoen?

### GESELS

Hierdie Woensdag is dit 'n belangrike dag: "Aswoensdag". Dit is die begin van die kerkjaar seisoen Lydenstyd. Dit is 'n tyd waarin ons onthou dat Jesus wat God is, ook gely het.

Lees: Matt 17:1-9

- wat sien 'n mens van bo-op 'n berg?
- wat het die dissipels gedink toe hulle besef wie Jesus is?
- wat sou jy gedoen het?

### DOEN

Vier hierdie week Aswoensdag. Stal 'n kruis in julle huis uit vir Lydenstyd en gebruik as uit die braai/kaggel (gemeng met 'n bietjie olie of room) om 'n kruis op elkeen se voorkop te maak. Besluit op 'n tyd waarop julle elke dag saam na die DinkJeug Families App kan luister.

### BID

Ons loof U...
Jammer dat...
Help my onthou...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: